

¹Van Paulus, 'n gevangene ter wille van Christus Jesus, en van ons broer Timoteus.

Aan Filemon, ons vriend en medewerker, ²en aan ons suster Affia en aan Argippus, ons medestryder, en aan die gemeente wat gereeld in jou huis bymekaarkom.

³Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus!

Filemon se liefde en geloof

⁴Elke keer as ek bid, dink ek aan jou en dank ek my God ⁵omdat ek hoor van die liefde en trou wat jy aan die Here Jesus en al die gelowiges bewys.

⁶My bede is dat die gemeenskap wat jy deur die geloof met ons het, jou 'n dieper insig sal gee in al die goeie dinge wat ons vir Christus kan doen.

⁷Jou liefde het vir my groot vreugde en bemoediging gebring, omdat jy, broer, die harte van die gelowiges verkwik het.

Paulus pleit vir Onesimus

⁸Daarom, al het ek in Christus die volste reg om jou op jou plig te wys, ⁹doen ek liever 'n beroep op jou op grond van die liefde. Dit doen ek, Paulus, wat 'n ou man is en nou ook 'n gevangene ter wille van Christus Jesus.

¹⁰Ek doen 'n beroep op jou in belang van my kind Onesimus. Hier in die gevangenis het ek sy geestelike vader geword.

¹¹Voorheen was hy vir jou nie bruikbaar nie, maar nou is hy baie bruikbaar sowel vir jou as vir my.

¹²Ek stuur hom na jou toe terug, en my hart gaan saam met hom.

¹³Wat my betref, ek sou hom graag by my wou hou, sodat hy my in jou plek kan dien terwyl ek ter wille van die evangelie 'n gevangene is.

¹⁴Maar ek wou niks sonder jou instemming doen nie, sodat jou weldaad nie uit dwang sou wees nie, maar uit vrye keuse.

¹⁵Miskien was hy 'n kort tydjie van jou af weg juis sodat jy hom vir altyd sou terugkry, ¹⁶nou nie langer net as 'n slaaf nie, maar meer as 'n slaaf: as 'n geliefde broer. Dit is hy besonderlik vir my; hoeveel te meer sal hy dit dan nie vir jou wees nie, as mens en as broer in die Here.

¹⁷Dus, as jy my as deelgenoot in die geloof beskou, ontvang hom net soos jy my sou ontvang.

¹⁸As hy jou enige skade aangedoen het of iets skuld, sit dit op my rekening.

¹⁹Hier skryf ek, Paulus, met my eie hand: "Ek sal betaal. "

Ek hoef jou natuurlik nie daaraan te herinner dat wat jy is, jy aan my te danke het nie.

²⁰Ja, broer, in die Naam van die Here, bewys my hierdie guns. Maak my hart bly, soos 'n broer in Christus.

²¹Ek skryf aan jou in die vertroude dat jy sal doen wat ek vra. Ek weet ook dat jy selfs meer as dit sal doen.

Die brief aan Filemon is Paulus se kortste brief – die Griekse weergawe bevat net 335 woorde. Die brief is geskryf tussen 55 en 61 n. C. terwyl Paulus in die tronk was.

Alhoewel Paulus eintlik bekommerd moes wees oor sy eie omstandighede, is hy meer bekommerd oor die slaaf, Onesimus en sy verhouding met sy eienaar, Filemon.

Wanneer 'n mens hierdie brief hanteer, sal die onderwerp van slawerny altyd na vore tree. In die Grieks-Romeinse wêreld kon byna enige iemand 'n slaaf word. Tussen 35 en 40% van die totale bevolking was slawe. Slawe het geen regte gehad nie, kon gekoop of verkoop word, kon mishandel word na die goeie van die eienaar en 'n slaaf wat weggeloop het, kon wettiglik deur die eienaar doodgemaak word. Dit was nie net 'n etiese saking wat Paulus hier aanroer nie, maar 'n geval van lewe en dood.

Filemon was waarskynlik 'n kerkleier in die gemeente van Kolosse. Dit is duidelik uit die brief dat Filemon en Paulus mekaar goed geken het. Hy noem hom 'n vriend en 'n medewerker. En deur "ons suster Affia" en "Argippus, ons medestryder" en "die gemeente wat gereeld in jou huis bymekaarkom" op die naam te noem, maak Paulus dit duidelik dat die brief bedoel is vir die hele gemeente.

Filemon moes baie welgesteld wees om 'n huis te kon besit, groot genoeg dat die hele gemeente daar kon bymekaarkom. En dit is by so 'n byeenkoms waar die brief waarskynlik hardop voorgelees sou word. Dit wil dus byna voorkom asof Paulus nie seker was of Filemon sy aanbevelings sou goedkeur nie.

Paulus maak dit duidelik met hoeveel gesag hy hierdie aanbeveling maak, maar hy dring Filemon eerder om in liefde sy woorde te aanvaar en 'n 'goeie daad' te verrig. Hy beskryf Onesimus as sy 'seun' – "my kind Onesimus. Hier in die gevangenis het ek sy geestelike vader geword" – hy noem Onesimus "'n geliefde broer" – nogal 'n *step up* vir 'n ou om van slaaf na die seun van die kerkleier te gaan.

In vers 11 speel Paulus so bietjie met woorde: "Voorheen was hy vir jou nie bruikbaar nie, maar nou is hy baie bruikbaar sowel vir jou as vir my. " – want Onesimus se naam beteken "die waardevolle of bruikbare een".

Filemon herinner ons daaraan dat teologiese insigte – soos die oor die liefde van God, oor vergifnis en oor die inherente menswaardigheid van elke individu – regtig 'n impak moet en kan hê op ons alledaagse lewe. Die evangelie moet elke faset van ons lewe beïnvloed. God se vergifnis moet ons dring om ander te vergewe – sodat God ook in daardie persoon se lewe sigbaar kan word. Dis juis wanneer ons die vergewe wat ons seergemaak het, dat die evangelie regtig 'n impak begin maak. Dit is nie *cheap grace* nie – dit vra opoffering, dit kos ons iets.

Bronnelys

- **Handleiding by die Nuwe Testament Band V.** A B Du Toit, et al;
- Burger, C & Nell, I. **Draers van die waarheid: Nuwe-Testamentiese visies vir die gemeente.**
- **Kommentare:** EL Smelik (PNT); C Bouma (KV); JH Roberts (KNT)
- **Artikels:**
 - NT Wright Online – lesing oor brief aan Filemon – <http://ntwrightonline.org/portfolio-items/philemon/>;
 - NT Wright praatjie oor Philemon – <https://www.youtube.com/watch?v=jESqfjqPMHE>;
 - Letter from Pliny to Sabinianus – <http://www.bartleby.com/9/4/1103.html>;
 - Textweek se bronne oor Filemon – <http://www.textweek.com/pauline/philemon.htm>;